16. Moses en die Israeliete kry kos in die woestyn

Moses 3

Doelwit
Dat die kleuters deur God se sorg van kos in die woestyn sal ontdek dat God vir sy kinders sorg.

Bybelgedeelte
Eksodus 16:1-36

Kerngedagte
Die Here sorg.

Kernvers
1 Petrus 5:7 '... Hy sorg vir julle.'

Voorbereiding

Voorbereiding en hulpmiddels vir Grootroepbediening (GGB)

- Handpop om moeilike woorde te verduidelik
- 'n Groot kaart (van vorige Ontmoeting). Merk die reis vanaf die Rietsee (vorige Ontmoeting) tot waar hulle met vandag se Ontmoeting gekom het (tussen Elim en die Sinaiberg) op die kaart. Die verdere reis word deur die plak van onderstaande prente op die kaart uitgebeeld.
- 'n Prent van Israeliete
- Prente van kwartels en manna

Voorbereiding en hulpmiddels vir Kleingroepbediening (KGB)

- 'n Uitgeknipte kartonprent (papier op karton geplak) van 'n kwartel met gleuf oopgesny vir elkeen (Sien Aktiwiteitblad)
- 2 Uitgesnyde kartonvlerke vir elkeen (Sien Aktiwiteitblad)
- Strook karton ±2 cm x 4 cm wat deur gleuf sal pas vir elkeen
- Ligbruin kleurpotlood of vetkryt vir groep
- Klein veertjies vir elkeen
- *Pritt gom*
- Dun toutjie om kwartel mee op te hang vir elkeen

Notas

Ontvangs

ONTVANGS

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

ONTSPANNE SPEL

Kleuters kan legkaarte van diere of voëls bou, met boublokke en plastiekdiere speel en deur boekies oor die natuur blaai. Voeg boekies of selfgemaakte plakboeke oor woestyne en kos by. Skottels met skoon riviersand of bousand kan voorsien word waarin kleuters met bakkies, siwwe en veilige blikkies, met of sonder gaatjies in, kan speel.

OPRUIMTYD

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Grootgroepbediening (GGB)

OPENING MET GEBED, VERWELKOMING EN VERJAARSDAGWENSE

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

SANG

Twee of drie kort liedjies wat die kleuters ken en lekker kan saamsing, kan nou gesing word.

'n Lied wat by die boodskap aansluit, kan ten slotte gesing word, bv *Dankie Heer* (CD: Jan de Wet en die Lofkleuters, My eerste Lofliedjies, snit 36).

BOODSKAP

Agtergrondinligting
Handpop verduidelik onbekende/ moeilike woorde, bv miswolk, heuning, smelt, ens.

Inleiding
Maatjies, vertel 'n bietjie vir my die keer toe julle die meeste honger gekry het ... Ja, dis nie lekker nie, né? Maar, toe was daar weer kos. *Só sorg die Here vir ons*. *Kom luister vandag saam met my na 'n Bybelstorie waar die Here vir kos gesorg het toe Moses en die Israeliete deur die woestyn gestap het*. (Sit groot kaart van vorige Ontmoeting op.)

Spanningslyn
(Wys op die kaart die volgende bewegings van die Israeliete se Uittog

Notas

uit Egipte soos dit hersien word.) Julle onthou mos hoe die Here die Israeliete van die slegte koning van Egipte weggevat het, né? ... En hoe hulle deur die woestyn met sy baie sand geloop het? En hoe die Here hulle op die droë pad deur die Rietsee laat loop het, terwyl die slegte koning van Egipte en sy soldate verdrink het toe die water van die Rietsee oor hulle toegegaan het? ... Wie was nou weer hulle leier? ... Ja, Moses. (Eks 1-15:21)

Nou ja, maatjies, toe hulle aan die anderkant van die Rietsee gekom het, was hulle nog stééds in die groot woestyn met sy baie, baie sand. (Wys na kaart en skuif prent van Israeliete van links na regs van Rietsee, dit is die bopunt van die linkerkantse deel van die huidige Rooisee). En hulle het nog verder en verder gestap. (Skuif Israeliete effens ondertoe tot tussen Elim en Sinaiberg. Kyk na kaart voor in Bybel of Bybel Handboek om plek te kry.) Hulle was nou al lank in die woestyn en die kos wat hulle uit Egipte saamgebring het, het nou opgeraak. Hulle het verskriklik honger geword! Wat dink julle het hulle toe gedoen ? ... Ja, hulle het by Moses gekla. 'Ons moes maar liewer in Egipte by die slegte koning doodgegaan het, want daar was darem genoeg kos. Nou gaan ons in die woestyn doodgaan, want hier is niks kos nie!' (Eks 16:1-3)

Moses het geweet dat die Here vir hulle sal sorg. Ek dink hy het toe vir die Here gevra om hulle te help, want die Here het vir Moses gesê dat Hy daardie selfde aand én ook die volgende oggend vir hulle meer as genoeg kos sal gee om te eet. (Eks 16:4-11)

Toe sak die son ... dit word aand ... en die Israeliete kyk ... en kyk ... en kyk ... Waar's die kos dan? Die Here het dan gesê dat Hy vir hulle daardie selfde aand nog kos sal gee ...

Toe sien hulle iets! Wat kom daar in die lug aangevlieg? Kom kyk saam met my! (Laat kinders hulle hande bokant hulle oë sit en in die lug in staar.) Dis voëls! Baie! Die voëls se naam is kwartels. (Wys prent van kwartels.) As hulle gevang word, kan hulle vleis geëet word! Dit sal seker amper soos hoender proe! Njammies! *Die Here het vir kos gesorg*! (Eks 16:13)

Nadat hulle lekker geëet het, het hulle gaan slaap. Die Here het mos gesê dat Hy die volgende oggend ook vir hulle kos sal gee. *Hy sal mos sorg*.

Toe hulle die volgende oggend wakker word en opkyk, sien hulle ... net 'n miswolk om hulle (Eks 16:13). Hulle kon niks sien nie! Waar's die kos dan? Die Here het dan gesê dat Hy ook in die oggend vir hulle kos sal gee. *Sal die Here regtig sorg?*

Toe begin die miswolk om weg te gaan. Gaan hulle nou kos sien? Hulle kyk en kyk toe weer. Kom kyk weer saam met my! (Laat kinders weer hulle hande bokant hulle oë sit en vorentoe staar.) Wat sien hulle? ... Nie woestynsand met kos nie! Nee! Dit lyk asof daar wit ys op die woestynsand lê. Agge nee! Hulle het dan gehoop dis kos! 'Wat

Notas

is dit dan nou dié? ... (Eks 16:13-15) *Sal die Here regtig sorg?*

Klimaks
Moses kyk toe mooi na die wit op die woestynsand ... 'Dis nie ys nie! Dis stukkies wit brood!' Toe proe hulle aan die brood. 'Mmm ... Dis lekker! Dit proe soos brood met heuning!' Hulle het hierdie brood manna genoem. '*Die Here het ook in die oggend vir kos gesorg*! Gisteraand vleis en vanoggend brood.' (Eks 16:15, 31)

Afsluiting
Die Israeliete het 40 jaar lank so deur die woestyn geloop (Eks 16:35). Daar was nie weer in die aande kwartels om te eet nie, maar elke oggend was daar manna om te eet (Eks 16:4). Hulle moes dit gaan optel voordat die son opgekom het, want wanneer die son eers opgekom het, het dit gesmelt. (Eks 16:21) Hulle moes elke oggend ook net genoeg vir hulle en hulle familie optel. (Eks 16:16-21) Net op die sewende dag het Here nie vir hulle manna gegee nie, want Hy wou hê dat hulle op die sewende dag moes rus. Daarom moes hulle op die sesde dag genoeg vir die sesde en die sewende dag optel (Eks 16:5, 22-30). *So het die Here gesorg dat hulle in hierdie 40 jaar in die woestyn elke dag kos gehad het*.

Finale toepassing
Die Here het vir Moses en die Israeliete in die woestyn gesorg deur vir hulle kos te gee. *So sorg die Here ook elke dag vir jou en my* met kos. Hy het vir ons 'n pappa en/ of 'n mamma of 'n oom en/ of 'n tannie gegee om vir ons kos te gee.

Sang
Die lied net voor die aanvang van die boodskap en wat by die boodskap aangesluit het, kan nou weer gesing word.

Kleingroepbediening (KGB)

LEWENSDELING

Die teenwoordigheidsregister is met die Ontvangs klaar op 'n kreatiewe manier afgehandel. Kleuters kan vertel van 'n keer toe hulle baie honger was en hoe hulle toe kos gekry het.

HERSIENING

- Wat het die Here in die aand vir die Israeliete gegee om te eet?
- En in die oggend?
- Hoe sorg die Here dat jy vandag kos het om te eet?

AKTIWITEIT

- Elke kleuter kleur uitgeknipte kwartel en twee vlerke ligbruin in.
- Met behulp van die KGL word die strokie deur die gleuf in die kwartel gesteek om aan weerskante van kwartel uit te steek

Notas

16. Moses en die Israeliete kry kos in die woestyn

- Kleuters plak nou vlerke op die kante van die strokie wat aan weerskante van die kwartel uitsteek.
- KGL smeer Pritt gom op vlerke en kleuters plak vere op vlerke.
- KGL pons ‘n gaatjie bo in kwartel se lyf en help kleuter om ‘n dun toutjie vas te maak sodat kwartel opgehang kan word
- Kleuters neem hul kwartel huis toe om vir hulle ouers/ voogde te gaan wys en daaroor te gesels.

GEBED

Jesus, dankie dat U vir my ‘n pappa en/ of ‘n mamma of ‘n oom en/ of ‘n tannie gegee het om te sorg dat ek kos het om te eet.

VERVERSINGS

Elke kleuter kan miskien ‘n snytjie brood met heuning kry.

Notas